higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

15 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1
TYD: 3 URE
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies EEN woord of tem uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

leierskap; groepsversekering voetstoots; credere; industriële ongeluk; blusser; infeksie; opleiding; ontwikkeling; toesig; industriële versekering; fabriekshuishouding

1.1.1 'n Situasie wat 'n onbeplande en onbeheerde gebeurtenis is, veroorsaak deur onveilige handelinge of onveilige toestande, en wat lei tot persoonlike besering of skade aan eiendom

1.1.2 'n Plek vir alles en alles altyd op sy plek

1.1.3 'n Draagbare brandblusser wat slegs gebruik word wanneer 'n brand ontstaan

1.1.4 Kieme gaan die liggaam binne deur 'n stukkende plek op die vel

1.1.5 'n Stelsel met 'n gevestigde struktuur waarin mense werk en mekaar op 'n samewerkende manier behandel met die oog op die bereiking van erkende doelstellings

1.1.6 Om te vertrou of glo

1.1.7 Soos dit is; Die verkoper waarborg niks nie

1.1.8 Versekering wat deur maatskappye vir al hul werknemers teen laer premies gereël word

1.1.9 Die effektiewe aanwending van menslike en materiële hulpbronne om te verseker dat alle werknemers saamwerk om die organisasie se doelwitte te bereik

1.1.10 Die interpersoonlike proses waardeur 'n leier 'n individu of groep se aktiwiteite deur middel van effektiewe kommunikasie rig om die organisasie se doelwitte te bereik (10 × 1) (10)

1.2 Noem en bespreek VYF redes waarom mense dwelmmiddels gebruik. (5 × 3) (15)

[25]

VRAAG 2

2.1 Noem VYF eienskappe van 'n goeie toesighouer (5)

2.2 Beskryf VIER funksies van 'n toesighouer. (4 × 2) (8)

2.3 Bespreek die TWEE beginsels van menslike gedrag. (2 × 2) (4)

2.4 Verduidelik die rol van die toesighouer in berading (3)

2.5 Noem VYF tipiese voorbeelde van swak huishouding. (5)

[25]

VRAAG 3

3.1 Tabuleer die verskille tussen *Nywerheidsrade* en *Versoeningsrade*. (4 × 2) (8)

3.2 Teken die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK oor. Voltooi die tabel oor persoonlike beskermende toerusting deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.14) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

GEVAAR	BESKERMENDE TOERUSTING	LIGGAAMSDEEL
BV: Olierige oppervlakke	Veligheidstewels	Voete
Chemiese of metaalafsnysels	3.2.1 …	3.2.2 …
Vlieënde of vallende voorwerpe	3.2.3 …	3.2.4 …
Trap in skerp voorwerpe	3.2.5 …	3.2.6 …
3.2.7 …	3.2.8 …	Longe
3.2.9 …	Oorpluisies/Oorkussings	3.2.10 …
3.2.11 …	3.2.12 …	Hande
Vlieënde vonke en bestraling	3.2.13 …	3.2.14 …

(14 × 1) (14)

3.3 Noem DRIE verskillende tipes organisatoriese strukture wat in ondernemings aangetref word. (3)
[25]

VRAAG 4

4.1 Noem SES faktore wat in aanmerking geneem moet word om materiale veiligheid op mekaar te stapel. (6)

4.2 Beskryf die volgende voordele:

4.2.1 Aftrede

4.2.2 Aflegging

4.2.3 Onttrekking

4.2.4 Versekerde

(4 × 1) (4)

4.3 Gee die betekenis van die volgende afkortings:

4.3.1 SABS

4.3.2 WBVI ('BCEA')

4.3.3 WBGV ('OHSA')

4.3.4 NBVV ('NOSA')

4.3.5 WVF ('UIF')

(5 × 2) (10)

4.4 Om te verseker dat brandblussers in 'n noodsituasie werk, moet hulle op 'n gereelde basis geïnspekteer en in stand gehou word.

Beskryf die inspeksie en instandhouding van brandblussers. (5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou